# Afdeling Natuurwetenskappe en Tegnologie

## Prof. Cornelis Johannes de Wet Rautenbach



### BIOGRAFIESE PROFIEL

Prof. Hannes Rautenbach is gebore in Petrus Steyn in die Vrystaat, en spandeer sy skooljare in Pretoria. Nadat hy ’n BSc in weerkunde in 1987 behaal het, sluit hy in 1988 en 1991 by die Suid-Afrikaanse Weerburo aan as weerkundige en senior weerkundige. In 1991 word hy aangestel as navorsingsassistent by die CORDATA-leerstoel in weerkunde by die Universiteit van Pretoria. In 1995 word hy ’n lektor, en word bevorder tot senior lektor en medeprofessor in 2000 en 2006 respektiewelik, waar hy ook dien as koördineerder van die Weerkunde-eenheid van UP, wat die enigste eenheid in suidelike Afrika is wat programme in weerkunde aanbied. In 1999 verwerf hy ’n doktorsgraad in weerkunde by UP. Tussen 2006 en 2014 dien hy as hoof van die Departement Geografie, Geo-informatika en Meteorologie by UP. Hy dien ook tussen 2010 en 2014 as direkteur van UP se Waterinstituut. Gedurende 2005 tot 2010 was hy president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Atmosferiese Wetenskappe, en ook raadslid van die Nasionale Assosiasie van Skoon Lug. Hy dien op verskeie rade wat navorsing evalueer, en was leier van navorsingsprojekte vir die Waternavorsingskommissie en die Nasionale Navorsingstigting. Hy het meer as 60 wetenskaplike artikels in vaktydskrifte gepubliseer, en meer as 100 referate aangebied by nasionale en internasionale konferensies. By die Nasionale Navorsingstigting is hy as ’n C2-navorser gegradeer. Tussen 2016 en 2018 word hy aangestel as hoofwetenskaplike: klimaatsverandering en veranderlikheid by die Suid-Afrikaanse Weerdiens, en tussen 2017 en 2025 dien hy as buitengewone professor in die Skool vir Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid van UP. Tussen 2019 en 2023 was hy dekaan in die Fakulteit Natuurwetenskappe by Akademia. In 2024 het hy afgetree en tans dien hy op die Akademieraad en is ook hoofredakteur van die *Suid-Afrikaanse tydskrif vir natuurwetenskap en tegnologie*.

## MOTIVERING VIR NOMINASIE

Prof. Rautenbach is ’n hoog aangeskrewe meteoroloog en klimaatwetenskaplike wat oor dekades heen ’n uitstaande bydrae tot die ontwikkeling van atmosferiese wetenskappe in Suid-Afrika gelewer het. Sy navorsing, wetenskaplike leierskap en betrokkenheid by nasionale en internasionale wetenskaplike netwerke het hom gevestig as ’n gesaghebbende stem op sy vakgebied.

Benewens sy navorsingsprestasie het hy hom onderskei as mentor, dosent en akademiese leier. Hy het talle studente en jong wetenskaplikes begelei en sodoende bygedra tot die ontwikkeling van ’n nuwe geslag natuurwetenskaplikes. Sy vermoë om akademiese uitnemendheid met goeie kommunikasie te kombineer is ’n besondere bate. Hy praat byvoorbeeld gereeld op RSG oor weertoestande en -verskynsels. Sodoende help hy die publiek om die impak van klimaat- en weerverwante verskynsels op die samelewing beter te verstaan.

Prof. Rautenbach geniet die respek van kollegas weens sy integriteit, gebalanseerde oordeel en verbintenis tot die bevordering van kennis in diens van die samelewing. Sy deelname aan en insette tydens ’n vergadering word op ’n ewewigtige, goed beredeneerde manier en ’n rustige styl gelewer. Hy het telkemale gedemonstreer dat hy ’n spanspeler is en dat hy met die moeilikste persone kan saamwerk. Hy ondersteun die ideale van die Akademie deur sy strewe na gehalte, samewerking en die bevordering van wetenskap in Afrikaans. Dit is ook waarom hy ’n omdraaistrategie en -plan vir die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* voorgestel het en ver gevorder het om dit suksesvol te implementeer.

Prof. Rautenbach is goed vertroud met die SA Akademie se funksionering aangesien hy tans in die Akademieraad en ook in ’n aantal Akademiekomitees dien.

Sy ervaring, wetenskaplike aansien, diens op etlike komitees en rade, en sy bewese bydrae tot die bevordering van die wetenskap in Afrikaans maak hom besonder geskik vir die verantwoordelikhede van ’n raadslid.